NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
# verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

**02 Oktober 2020: Nr 30/2020**

## Warm nuus

Besoek die **sinode se facebookblad** [**https://www.facebook.com/noordsin/**] vir deurlopende plasings van Gemeente-aktiwiteite en ander belangrike nuus.

### Eredienste tydens vlak 1

Die Sinodehuis het heelwat navrae hieroor ontvang. Ons is nie bewus van enige reëlings wat verander het nie, behalwe die getalle. Dit wat voorheen gegeld het, geld dus steeds. Dit sluit o.a. die volgende in: Maskers, ontsmetting, sosiale afstand, register, geen sang en tee.

### Sinodehuis

Die Sinodehuis het gedurende die inperking normaal gefunksioneer. Al die personeel het van die huis af gewerk. Vanaf 1 Oktober is almal weer terug by die Sinodehuis in Steve Bikostraat 125. Kontak ons gerus per e-pos of op ons landlyn [012 440 6525]. Besoekers is welkom, maar moet asseblief by die Covid-regulasies hou.

### Beplan vir 2021

Die ***Algemene Sinode se Taakspan Missionale Roeping*** het eerskomende **Dinsdag 6 Oktober, 14:00-16:00**, 'n oop Zoom-gesprek oor hoe om te beplan vir na Covid. Dit sluit aan by 'n onlangse publikasie oor missionaliteit, ***IN PAS***.
* Temas wat hanteer sal word is o.a. die volgende:
*Volhoubaarheid post Covid-19* en 'n *"Not knowing"-benadering tot beplanning.*
*** Om deel te neem**: Registreer gratis op die aanlyn platform https:// www.inpas.co.za/
* **Navrae**: Marinda van Niekerk. 083 268 9474 of marinda@pen.org.za.

## Sinodenuus

### Weskoppies Kersprojek

**Pieter de Wet** skryf die volgende: Kersfees is spesiale omgeetyd in Weskoppies. Ons pasiënte kan steeds a.g.v. Covid-19 nie besoekers ontvang nie. Die bederf tydens die Kerstyd deur "Vriende van Weskoppies" is dus vanjaar ekstra spesiaal en iets om baie na uit te sien! Danksy die ondersteuning uit ons gemeentes, was dit nog altyd moontlik om met hierdie projek 'n wesenlike verskil te maak.

Met ons **"Borg-'n-Pasiënt"-projek** poog ons om aan ongeveer 600 pasiënte elkeen 'n heerlike Kersete met nagereg, asook 'n klein Kersgeskenkie op Kersdag te bied. "Vriende" begroot R60.00 per kop vir bogenoemde projek. Jy kan ook help!

**Direkte inbetalings en internet oorbetalings:** *Friends of Weskoppies; ABSA Tjekrekno. 3260 141 707; Takkode: Mall @ Reds 336-345; Verwysing: BP20+ u Naam".*
[***Foto**: Vriende van Weskoppies hard besig om pakkies te maak vir verlede jaar se projek*]

## ❖ Tekslees met ‘n verskil

**Datum**: Dinsdag ***6 Oktober*** om 11:00
**Skriflesing**: *Eksodus 20*
**Zoom uitnodiging**:
Join Zoom Meeting: https://zoom.us/j/92197671478?pwd=Sk0wc2ZyOHhxTVFmYkFWZmQ0R1A2UT09
Meeting ID: 921 9767 1478
Password: 453371

## ❖ Jakaranda Kinderhuis

Dié kinderhuis nooi jou uit om deur middel van ‘n debietorder ‘n maandelikse ondersteuner te word.

Besoek hul webwerf by www.jacarandachildren.co.za en voltooi vandag nog die aanlyn vorm.

**Navrae** kan gerig word aan marketing@jacarandachildren.co.za.

# Slyp jou beitels

## ❖ Excelsus

**Navrae**: Rika van Rensburg [excelsus@up.ac.za; 012-420 6738]

### 1. Virtual Workshop on “Trauma Psycho-Education”

*Resilience Trauma Management & Life Skills Development is proud to present*… Trauma Psycho-Education [previously referred to as “Trauma Debriefing] takes place at least 24 hours after exposure to a traumatic experience and is conducted [with individuals or in groups] by a trained trauma worker.
[**Kliek hier** vir meer inligting]
**When**: ***6, 8, 13, 15, 20 & 22 October 2020;*** **Time**: 11:00–13:00
**RSVP**: Before *2 October 2020* [Only 25 places available]

### 2. Brugbediening

**Datums**: Week 1 – ***09-12 November 2020***; Week 2 – ***22-25 Februarie 2021***
**Kursusleier:** Prof Malan Nel
**Kursuskoste:** R2500
**Plek:** Universiteit van Pretoria
**Kursus punte:** 70
**Kontak:** Hesmarie Bosman, 012-420 4952 of epos: Hesmarie.Bosman@up.ac.za

## ❖ VBO-Forum

[*Hierdie is ‘n gesamentlike inisiatief van Excelsus, Communitas en al die sinodes*.]

### 1. VBO-Forum: Verskeie kursusse wat aanlyn aangebied is, is steeds toeganklik. **Navrae**: *Rika van Rensburg* by excelsus@up.ac.za of *Bridget Leibbrandt*, / bleibbrandt@sun.ac.za

* Indien jy op die Hugenote Kollege se platform *geregistreer* is, sou jy die kursusse **gratis** kon volg.
* Indien jy ‘n *nuwe registrasie* is moet jy asseblief jou *naam en van, watter kursusse en epos-adres* aan hermien@noordsin.co.za deurstuur. Hierdie name sal 1x ‘n week aan die Kollege gestuur word vir registrasie.

** Liturgie vir ongekarteerde tye – Cas Wepener*
** Pastorale sleutels vir Covid-19 grendeltyd – Jan-Albert van den Berg*
** Netwerke vir nou – Erwin Schwella*
** Teologie in die tyd van Covid-19 – Heerden van Niekerk*
** Nagedink oor God en lyding: Perspektiewe uit die OT – James Kirkpatrick*
** Covid-19 en die Ekonomie – Piet Naudé*
** Pandemies: ‘n Historiese Perspektief – André Bartlett*
** Kerk en Covid-19 – Frederick Marais*

** Wanneer tuisbly nie veilig is nie (Gendergeweld) – André Bartlett*
** Gendergeweld en Covid-19 – Verskeie sprekers*
** In pas met die lewende God – Tom Smith e.a.*
** Depressie by jongmense – Johan Laten*
**Angry Much – James Kirkpatrick e.a.*

## Kollega- en ander personeelnuus

### ❖ Beroepe

**>>>Trix Truter** het op 27 September sy afskeidspreek by Marikana gelewer. Hy was die afgelope 16 maande as brugleraar daar betrokke. Hy is intussen as brugpredikant na **Elandsrand** beroep en begin sy werksaamhede op 1 Januarie 2021.

**Erick Mulder (Prop)** is na **Blouberg** beroep in 'n vaste termynpos. **>>**

### ❖ Verjaarsdagwense

04/10 Abel Stoltz [Emeritus, 082 950 5961, abelstoltz@telkomsa.net]
Peter Brand [Emeritus, 084 651 2236]
Ampie Barnard [Emeritus, 084 220 7158, ampie.laetitia@telkomsa.net]
09/10 Derick du Toit [Villieria, 082 958 0473, derick@ngv.co.za]
Riaan Steyn [Rustenburg-Suid, 082 851 7310, riaan-steyn@lantic.net]
10/10 Ferdie Clasen [SA Gemeente, 0044 788 109 2750, ferdie@sagemeente.com]
Moses Zulu, [DRC Zambia (Lusaka), 00260 97 747 1364, mozezulu@yahoo.com.]

_____

06/10 Erika Müller [Groenkloof, 012-460 8477, cm1882@gmail.com]
Valmé Wassermann [Kerk-in-Suid, 012-653 2280, rinuswassermann@gmail.com]

## Gemeentenuus

### ❖ Verjaarsdae: *Baie geluk!*

**Riviera-Jakaranda** [**Gestig**: 07/10/1942]
**Thabazimbi** [**Gestig:** 09/10/1943]

## Covid-19

- ❖ **Dokumente** - **Kliek hier** vir vorige dokumente;
- ❖ **Stories van Hoop** - **Kliek hier** vir vorige stories;
- ❖ **Wenke** - **Kliek hier** vir vorige wenke.

## Ander nuus

### ❖ Vakatures

**Kerkbode:** **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

### ❖ Beeld-Kinderfonds

# Spinning marathon

**Sat 14 November @ Irene Village Mall**

**More info / Meer inligting:**

**http://www.beeldkinderfonds.co.za/spinnathon-spinning-marathon/**

**For entry forms, send an email to: / Kry inskrywingsvorms by: info@beeldkinderfonds.co.za or what's app to 061 479 4791**

**Jy het die mag om 'n kind te laat lag! Maak 'n verskil vandag. Beeld-Kinderfonds help jaarliks sowat 8000 kinders wat in moeilike omstandighede lewe.** Lees meer by www.beeldkinderfonds.co.za klik op nuus.

**Art 18A belasting afslag**: ons reik Art 18A kwitansies uit vir ad hoc donasies.

We issue **Art 18A tax deductible receipts** for ad hoc donations, contact me for more information:
Adrie @ info@beeldkinderfonds.co.za / t: 0765971282

## ❖ Bybel-Media

**Bybel-Media se topverkoper teologiese boeke -** Besoek Bybel-Media se **aanlynwinkel** vir hulle topverkoper teologiese titels. Dit wissel van riglyne oor dissipelskap, gesprekke met jong teoloë oor God, gemeentes en geloof asook liturgiese voorstelle vir algemene of spesiale eredienste.

**Navrae**: Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210

- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za,

## ❖ Christelike Lektuurfonds

**CLF Dankbaarheidsprojek: "Woord en brood" in Riebeek Kasteel** - Die VGK gemeente van Riebeek Kasteel is een van die eerste tien gemeentes vir wie CLF met R10 000 vir voedselhulp kon ondersteun. Ds KP Frantz het aan CLF geskryf dat hulle onmiddellik van die fondse kon gebruik om verskeie projekte te loots naamlik:

1. Twee sop en brood projekte, waardeur 101 en 117 kinders gevoed is.
2. 'n Voedingsprojek vir volwassenes waar 181 mense elk 'n gekookte maaltyd ontvang het.
3. Ses verdere projekte by lidmate se huise waar hulle sop aan die gemeenskap gegee het.

Daar was ongeveer 200-240 mense wat hiermee bereik en gevoed is. Die gemeente poog om elke Dinsdag, Woensdag en Donderdag kos aan behoeftiges te voorsien. Julle kan die VGK Riebeek Kasteel op hulle Facebook blad volg - https://www.facebook.com/VGKSA-Riebeek-Kasteel-110231200655181/.

## ❖ Masedoniese oproep tot Paulusse met M- en PhD's

**Nico Mostert [NG Vrystaat]** deel die volgende: "Die donker wolk van COVID-19 het vir sommige van ons ook 'n silwer randjie meegebring, soos dat teologiese skole en netwerke in Afrika hierdie jaar begin saamwerk het soos nog nooit vantevore nie.

NetACT (https://netact.org.za/wordpress/) wat oorspronklik geskep is met die doel om teologiese skole (voortspruitend uit sendingwerk vanuit die NG Kerk) beter op ons vasteland te laat saamwerk, het intussen uitgebrei tot meer as 50 teologiese skole van verskillende denominasies regoor Sub-Sahara Afrika.

Hierdie jaar is teologie-opleiding weens COVID-19 egter in 'n krisis gedompel – behalwe dat personeel noodgedwonge verminder moes word, kon studente vir langer as ses maande nie klasse bywoon nie – iets wat tov die meeste skole in Afrika beteken dat daar geen finansiële inkomste was nie. Hierdie nagraadse studente het nou alle moontlike hulp van predikante met nagraadse grade, verkieslik PhD-, DTh-, of DLitt-kwalifikasies (in teologie) nodig.

**Ons doen 'n dringende beroep op M- of PhD-gegradueerdes om hul kennis *pro bono* met hierdie studente te deel deur met die onderrig van sekere modules as moontlike studieleier/medestudieleier vir hierdie nagraadse studente op te tree.**

*Lees meer hieroor by https://bit.ly/346zXhO

---

## Naskrif